Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

BEd Grondslagfase-onderwys (09133011)

Duur van studie	4 jaar
Totale krediete	680

Ander programspesifieke inligting

Modulebeskrywing	**Modulekode**
Fundamentele modules	
Akademiese Inligtingbestuur	AIM 101 of
	AIM 111, 121
Geletterdhede vir die onderwys	JLZ 110, 120 of
	JLZ 111, 121
Noodhulp	JNH 454
Kernmodules	
Opvoedkunde	OPV 112, 122
	OPV 212, 222
	OPV 312, 322
Geletterdhede vir die onderwys	JLZ 300
Navorsingsprojek	JNM 461, 464
Praktiese onderwys	PRO 280 PRO 380 PRO 452, 453
Gesondheid en veiligheid	JGV 210
Grondslagfase wiskunde	JGS 121 JGS 211 JGS 212
Geletterdheidspraktyke	JGL 110 JGL 200 JGL 311 JGL 461 JGL 464
Menslike bewegingstudies	JMB 124
Leerondersteuning	JLD 220
VKO-studies	JVK 130
Professionele praktyk	JFP 111 JFP 451
Kunste en kultuur	JLK 110, 120
NW en tegnologie	JST 320
Lewensvaardigheidsprogram	JLP 220

Metodiek van leerondersteuning	JMD 351	
VKO-studies of Leerondersteuning	JVK 400 of JLD 400	
Keusemodules Een van die volgende Afrikatale moet op eerste-jaarsvlak gekies word en tot op tweedejaarsvlak geneem word.		
IsiZulu	Vir beginners: ZUL 110, 120 ZUL 210, 220 Vir IsiZulu as huistaal of 1ste of 2de addisionele taal: ZUL 111, AFT 121 ZUL 211, AFT 220	
Sepedi	Vir beginners: SEP 110, 120 SEP 210, 220 Vir Sepedi as huistaal of 1ste of 2de addisionele taal: SEP 111, AFT 121 SEP 211, AFT 220	
Setswana	Vir beginners: STW 110, STW 120 STW 210, STW 220 Vir Setswana as huistaal of 1ste of 2de addisionele taal: STW 111, AFT 121 STW 211, AFT 220	
IsiNdebele (Slegs vir huistaal sprekers van isiNdebele of eerste of tweede addisionele taal)	NDE 110, AFT 121 NDE 210, AFT 220	

Klasbywoning
Die onderwysersopleidingsprogramme van die Fakulteit Opvoedkunde is deur die Departement van Onderwys goedgekeur en geakkrediteer. Omdat die Fakulteit 'n hoë premie op die ontwikkeling van vaardighede en bekwaamhede plaas, is klasbywoning verpligtend vir onderwysstudente vir die volle duur van die opleidingsperiode soos deur SAQA (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid) gespesifiseer.

Programaanbieding
Die NGSO bestaan uit 'n universiteitsgebaseerde leerkomponent (UBL) en 'n skoolgebaseerde leerkomponent (SBL). Die UBL-komponent word in die vorm van leerwinkels aangebied waartydens die studente 'n praktykteorie van en vir onderwys konstrueer. Vir die doel van die SBL-komponent word studente in twee vennootskapskole met verskillende samestellings vir 6 weke elk (12 weke in totaal) geplaas, waartydens hulle in die onderwyspraktyk betrokke raak terwyl hulle deur gekwalifiseerde mentoronderwysers en universiteitsmentordosente ondersteun en geassesseer word.

Eksamens en slaagvereistes

Spesiale eksamens

- 'n Derdejaarstudent wat 'n maksimum van vier semestermodules of die ekwivalent daarvan gedruip het, maar ’n finale punt van minstens 40% in elkeen behaal het, kan deur die Dekaan toegelaat word om gedurende Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale eksamen in sodanige module(s) af te lê, mits die student daardeur aan alle vereistes vir bevordering tot die vierde jaar voldoen.
- ’n Finalejaarstudent wat 'n maksimum van 4 semestermodules of die ekwivalent daarvan benodig om sy of haar graad te voltooi, met 'n finale punt van 40% in elk, mag in Januarie van die volgende jaar tot 'n spesiale eksamen toegelaat word. Indien die eksamen voor 1 Februarie afgelê word, hoef die student nie weer te registreer nie en word die eksamen soos ’n hereksamen hanteer. Indien die spesiale eksamen op of na 1 Februarie afgelê word, moet die student weer vir die betrokke module(s) registreer en mag die dosent vereis dat 'n semesterpunt op 'n geskikte wyse behaal word. In so 'n geval sal die uitslag van die eksamen nie oorweeg word vir die gradeplegtighede in Maart/April nie.

Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf moet 'n student 'n algehele geweegde gemiddeld (GPA) van 75 % of hoër behaal in die BEd-program, met die voorwaarde dat die graad in die voorgeskrewe tydperk van 4 jaar voltooi word.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.